

Solidariteit LLB Beurskompetisie 2020

Bepalings en Voorwaardes

1. Solidariteit bied een studiebeurs vir vakbond-lede en Jeug-lede by Akademia aan. Om vir 'n beurs by Akademia te kwalifiseer, sal die volgende bepalings en voorwaardes van toepassing wees:
2. Definisie van 'n Jeug-lid: Dit is 'n persoon onder die ouderdom van 25, wat nog nie 'n lid van Solidariteit is nie, maar 'n ingetekende lid van Solidariteit Jeug is.
3. Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad vorm deel van die voorwaardes en bepalings vir deelname en inskrywing.
4. Deelname aan die kompetisie impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.
5. Geen persoon wat by Solidariteit of enige van sy instansies werksaam is, sal toegelaat word om aan die kompetisie deel te neem nie.
6. Solidariteit behou die reg voor om 'n onderhoud met die wenners te voer, foto's te neem en dit te publiseer. Die pryswenners sal in die Soldeer, op Solidariteit se Facebook-blad en op www.solidariteit.co.za aangekondig en gepubliseer word.
7. Deelname aan hierdie kompetisie veronderstel toestemming om deur Solidariteit gekontak te word.
8. Pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie vir kontant omgeruil word nie.
9. Die beurs geld net vir inskrywings vir studies in 2020.
10. Alle deelnemers vrywaar die Solidariteit Beweging van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie.
11. Slegs een inskrywing per lid sal aanvaar word.
12. Die kompetisie sal oop wees vanaf 12:00 op 29 November 2019 tot om 23:59 op 15 Januarie 2020.
13. Om vir die beurs in aanmerking te kom, moet jou Solidariteit-ledegeld ten tyde van die trekking volopbetaal wees indien jy 'n Solidariteit lid is, of jy moet 'n geregistreerde lid van Solidariteit Jeug wees, indien jy 24 of jonger is.
14. Beurswenners, of hul ouers waar beurswenners jonger as 21 is, moet vir die volle duur van hulle studies lede van Solidariteit bly. Indien lidmaatskap gestaak word voordat die studie afgehandel is, sal alle koste wat vir die kwalifikasie aangegaan is van die student verhaalbaar wees.
15. Indien Solidariteit nie daarin slaag om 'n beurswenner binne vyf werksdae na die finale trekking per e-pos of telefonies te kontak nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
16. Beurswenners sal op 22 Januarie 2020 aangewys word.
17. Solidariteit en sy vennote is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Solidariteit aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat onafgelewer is, verlore raak of vertraag word nie. Bewys van versending is nie bewys van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy of haar inskrywing bevestig.
18. Die beurs dek alle klasse aangebied deur Akademia ter voltooiing van jou studie; as jy 'n module druipt, is jyself verantwoordelik vir die koste van die herhaling van die spesifieke module. As jy jou jaar druipt, verval jou beurs en is jy as beursnemer verantwoordbaar vir die terugbetaling van die studiebeurs se uitstaande bedrag vir die spesifieke jaar wat gedruip is.
19. Handboeke is nie ingesluit by die beurs nie. Spesiale versoeke om bystand sal wel oorweeg word na afloop van toekenning van die beurs.

20. 'n Geskenkbewys vir 'n tabletrekenaar waarmee jy toegang tot die e-studenteondersteuningstelsel het, die aanlyn biblioteek en al jou toetse, werksopdragte, asook ondersteunende studiemateriaal is ingesluit. Jy ontvang een tabletrekenaar per kwalifikasie waarvoor jy inskryf. Sou jy jou eie studietydperk verleng, is Akademia nie aanspreeklik vir verouderde tegnologie as gevolg van jou langer studietydperk nie.
21. Daar sal van enige beurswenner by Akademia verwag word om 'n skuldbewys in te vul, alvorens so 'n beurs bekragtig word.
22. Die beurswenner word voorlopig gekeur op grond van hulle rekordeksamen punte, en finale keuring is onderhewig aan finale matriekuitslae.
23. Deur vir die Beurskompetisie aansoek te doen stem u in dat u inligting met derde partye binne die Solidariteit Beweging wat betrekking tot Beurskompetisie het, gedeel sal word. Dit sluit in dat Akademia u punte aan die komitee wat die beurs toegeken het bekend sal maak, om te verseker dat u aan die terme en voorwaardes voldoen, soos vroeër in die dokument bepaal.